

Sondag 10 April

Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21

Fokusgedeelte: Johannes 3:16

Jesus wys: *Die Vader het my besonder lief!*

Vandag is PalmSondag ... die begin van Stille Week ... die week wat uitloop op Jesus aan die kruis én Jesus wat *lewe!* Juis in hierdie week sien ons God die Vader wat jou en my liefhet!

God se Seun, Jesus Christus, gesels met Nikodemus. Nikodemus erken dat Jesus van God af kom. Jesus begin oor die weergeboorte gesels, oor die Gees wat sorg dat mense opnuut gebore word. Nikodemus wonder hoe dit moontlik is. Jesus vat vir Nikodemus as't ware in die hemel in ... sodat hy iets van God die Vader kan waarneem.

Wat? God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het ...

God is nog altyd ... God. Die wêreld ... is God se skepping, veral die mens, wat haar rug op God gedraai het. Daar behoort geen verhouding te wees nie, want eintlik is God hartseer oor die mens wat Hy geskep het. God is woedend oor die mens en behoort die mens, die wêreld, te vernietig. Maar God doen dit nie ...

Hoekom nie? Want Hy het die wêreld lief. En God se liefde is nie 'n warm gevoel nie, maar wél dat God iets konkreet gedoen het. Hy het sy enigste Seun gegee. Hy het sy unieke en sy enigste Kind prysgegee, oorgegee, in ons wêreld laat inkom. Hy het toegelaat dat sy Seun, Jesus, nie erken en aanbid word nie, maar getart, geminag word. Uiteindelik – soos ons hierdie week onthou – het Hy sy Seun laat kruisig, Hom verlaat, Hom laat sterf. Só het God gewys: Hy het jou en my en hierdie wêreld lief!

So wys God ook dat Hy mense wil red, jou en my wil red. En daarom roep Hy jou en my om te glo, in Jesus te glo en sodoende te leef, ewig te leef, in vrede met God te leef.

Wonder jy ooit of God die Vader jou liefhet? Kyk juis hierdie week na Jesus en wéét: God hét jou lief!

Sing: Skrifberyming 1-3:1-3

Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg Mpumalanga)